

SONDAG: 26

VRAAG EN ANTWOORD: 71

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?			
Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...";	1	Matteus 28:19	Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees
en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word".	2	Markus 16:16	Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.
Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem.	3	Handelinge 22:16	En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroep het.'
		Titus 3:5	Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vrypraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.